LAERSKOOL ROODEKRANS

INTERMEDIÊRE FASE

GRAAD 4 - 6
AKADEMIESE INLIGTING
JANUARIE 2018

AKADEMIESE HOOF (DPS): ME. SUZANNE FOURIE

AKADEMIE

"CAPS"

Curriculum and Assessment Policy Statement

"KABV"

Kurrikulum en Assesserings Beleidsverklaring

INTERMEDIÊRE FASE (Graad 4 – 6)

VAK	AANTAL URE
AFRIKAANS (HT)	6
ENGELS (EAT)	5
WISKUNE	6
NS / TEG	3,5
SW	3
LV	4
SKEPPENDE KUNS	(1,5)
LO	(1)
PSW	(1,5)
TOTAAL	27,5

BEPLANNING

- Uiters bekwame en goed opgeleide personeel.
- CAPS gee baie duidelike riglyne m.b.t. vakkennis en assesseringsopdragte.
- Ons werk uit 'n baie goeie gestruktureerde beleidsdokument.
- Woon alle departementele en addisionele kursusse by.
- Deel interaktiewe lesse en alle ander studiemateriaal.
- Dus doen alle klasse dieselfde werk, waar meer as een personeellid die vak aanbied.

HANDBOEKE

- Elke leerder ontvang ‘n handboek.
- Trek asb. oor en hou hom tuis vir huiswerkopdragte en om uit te leer.
- ‘n Stel handboeke in elke klas vir leerders se gebruik.
- Leerders se tasse nou baie ligter.
- Leerders moet slegs hul LV/SK – handboeke skool toe bring.
- Naskoolleerders / Sluitkassies (“Lockers”)

ASSESSERING

- **Kwartaal-Assesseringstoetse: Kwartale 1,2,3,4**
- **Eksamen: Kwartale 2 en 4**
- **Deurlopende assessering.**
- **Klastoetse ,klasopdragte,projekte,ondersoeke: (Geskied deurlopend.)**

Indien 'n leerder nie'n geskeduleerde toets / eksamen geskryf het nie, moet hy/sy 'n doktersbrief inhandig en by die 1ste geleentheid wat hy/sy terug by die skool is, die toets aflê.

ASSESSERING (VERVOLG)

- Gr 4 – 6
- Promosiepunt:

- Kwartaal 1,2,3,4 = 75%(Jaarpunt)

Kwartaal 4 = 25% (Eksamen)

7- PUNT PRESTASIESKAAL

- 7 Uitmuntende prestasie: 80%-100%
- 6 Verdienstelike prestasie: 70% - 79%
- 5 Bevredigende prestasie: 60% - 69%
- 4 Voldoende prestasie: 50% - 59%
- 3 Gemiddelde prestasie: 40% - 49%
- 2 Elementêre prestasie: 30% - 39%
- 1 Nie bereik nie: 0% - 29%

SLAAGVEREISTES
BEVORDERINGSVEREISTES

- Departement tree streng volgens die bevorderingsriglyne -/vereistes op.
- Leerders se punte word nie meer aangepas nie.
- Kondonering van leerders vind slegs in uitsonderlike gevalle plaas, in samewerking met die distrik.

MINIMUM SLAAGVEREISTES

Afrikaans	: 50%	=	Vlak 4
Engels	: 40%	=	Vlak 5
Wiskunde	: 40%	=	Vlak 5

Neem kennis: *Indien 'n leerder in* ***Afrikaans of Wiskunde NIE*** *aan die minimum vereiste voldoen nie, mag hulle nie bevorder word nie.*

TOETSROOSTER

LAERSKOOL ROODEKRANS

Kwartaal 1 en 2

2018

Elke leerder het ‘n afskrif van 2018 se toetsrooster ontvang.

SIEN AWSUM-App en WEB

DEPARTEMENTELE-
EN
PROVINSIALE VRAESTELLE
(ANA)

- Ons gemiddeldes is telkens van die hoogste in Gauteng, sowel as op Provinsiale vlak.

- Getuig van ons ongelooflike hoë standaard van onderrig en besondere toewyding van ons onderwysers, leerders en ouers.

PRESTASIES EN MOTIVERING

- Ouers en kinders sien prestasie en motivering nie altyd in dieselfde lig nie en daarom voel kinders soms onder druk.
- As ouers onrealistiese verwagtinge koester, kan hulle tot prestasie-angs bydra.
- "Prestasie-angs is 'n ernstige vrees om onsuksesvol te wees en ander mense se reaksie op die onsuksesvolheid", sê die Gautengse spelterapeut **Wietske Boon**. Sy sê prestasie-angs word veroorsaak deur akademiese of sosiale geleenthede en/of situasies waar daar van die kind verwag word om te uitmuntend te presteer.

- Motiveer jou kind uit liefde en met begrip.
- Wys jou kind altyd daarop dat mislukking van groot hulp in die leerproses kan wees, maar onbelangrik in die bepaling van sy waarde as mens is.
- ‘n Kind is die grootste deel van die dag met skoolverwante aktiwiteite besig en daarom is dit belangrik dat hy/sy op akademiese gebied gemotiveer word om hard te werk.
- Ouers moet dus waak teen uitsprake soos: "Ag, die werk is nie belangrik nie", "Moenie worry nie, jou ma kon ook nie wiskunde doen nie" of "Die onnie is regtig simpel om hierdie vrae te vra".
- Bly weg van enige kompetisie of vergelykings tussen sibbe. Moet nooit dieselfde akademiese prestasie van jou kinders verwag nie, want elke kind presteer op ‘n ander vlak. Waar 80% vir een kind goed is, is 70% uitstekend vir ‘n ander.

Brief van 'n kind

Liewe Pa en Ma.....

- Moenie vir my alles gee waarvoor ek vra nie. Liefde word nie gemeet aan die hoeveelheid geskenke wat julle vir my gee nie, maar op die manier waarop julle na my luister en my respekteer.

- Moenie bang wees om ferm op te tree wanneer ek oortree nie. Ek verkies dit, want dit laat my veilig voel en leer my wat grense is.

- My selfbeeld is baie broos. Moenie my kleiner laat voel as wat ek is nie, dit gee my ook die geleentheid om vir julle te wys met watter "grootmensdinge" ek wel kan eksperimenteer.

- Moet my asseblief nie voor ander mense teregwys as julle dit kan help nie.

- Moenie my laat voel of my foute almal sonde is nie. Dit maak my waardestelsel deurmekaar. Ons almal maak foute.

- Moenie my altyd teen die gevolge van my besluite beskerm nie. Soms moet ek op die harde manier leer.
- Kan ons my gedrag asseblief nie in die hitte van die stryd bespreek nie? My ore werk dan om een of ander rede nie baie goed nie ...

- Moenie te ontsteld wees as ek dinge sê soos: "Ek haat julle" nie. Ek weet woorde maak soms seerder as dade en ek voel soms magteloos wanneer julle so baie sê oor my lewe het. Ons moet almal harder probeer om mekaar nie met woorde seer te maak nie.

- Moet asseblief nie net sanik nie. Hoe meer ek dit hoor, hoe minder luister ek.
- Partymaal doen ek dinge sonder om te dink en kan self nie so lekker my gedrag verduidelik nie. Ek doen nie altyd aspris dinge om julle seer te maak nie. Soms weet ek self nie waarom ek sekere dinge doen nie.
- Moenie my ontmoedig as ek vir julle vrae vra nie. As julle dit doen, gaan ek ophou vrae vra en inligting op 'n ander plek soek.
- Wees asseblief konsekwent. Reëls wat daagliks verander laat my my geloof in jul oordeel verloor
- Moenie vir my vertel my vrese is ongegrond nie. Vir my is dit eg en julle kan nie veel daaraan doen om my te troos as julle dit nie verstaan nie.

- Probeer om nie julself as perfek voor te hou nie. Die skok is te groot wanneer ek dan ontdek my ouers is feilbaar. Dis oukei om nie altyd reg te wees nie.
- Help my om die verskil tussen reg en verkeerd te leer ken.
- Vra my asseblief om verskoning as julle iets gedoen het wat verkeerd is.
- Lei my eerder deur jul voorbeeld as om my met reëls toe te gooi.
- Moet nooit beloftes maak wat julle nie kan nakom nie.
- Ek is jammer vir alles wat ek soms sê wat julle seermaak en al die dinge wat ek graag wil doen, maar nie kan regkry nie.

Liefde

Jul kind